

VIR DIE TOEKOMSTIGE GEHOORAPPARAAT-VERBRUIKER.

Deur W. van der Sandt.

Dikwels ontvang ons briewe van hardhorende persone, waarin hulle ons om raad versoek in hulle moeilikheid. Hiervolg 'n tipiese geval:

„Die afgelope paar jaar het my doofhoid geweldig toegeneem en 'n X-gehoortoestel was van nul en generwaarde. My vrou moet óf teen my skreeu, óf moet alles uitskrywe, wat natuurlik uitloop op 'n geweldige inspanning vir albei van ons. Ek sal oneindig daarby kan baat as ek die geleentheid kan kry om lippetaal te lees, maar ongelukkig is ek op die platteland woonagtig en kan ek nie klasse by woon nie. Daarom wens ek u raad intewin, of u reken dat ek besoek moet bring aan 'n professionele onderwyser in liplees, of met behulp van 'n handboek en hulp van 'n buitestander, (in hierdie geval my vrou) die kuns aan te leer wat so broodnodig vir die hardhorende is. Persone neem soms somer aan dat bloot deur ander se lippe dop te hou, behoort 'n mens maklik die vaardigheid om lippe te lees sonder spesiale opleiding meester raak - maar dit is nie so in my geval nie. U raad sal ten seerste gewaardeer word.”

Probleme van die onaangepaste hardhorende volwassene word in hierdie brief pragtig saamgevat. Die skrywer het waarskynlik 'n gehoorapparaat blindweg uitgesoek, sonder om te weet of dit vir sy spesifieke geval geskik is. Sonder om enige baat daarby te vind met verloop van tyd, probeer hy homself nou rehabiliteer deur liplees aan te leer. Hy het ook, net soos soveel ander hardhorende persone die verkeerde rigting van die staanspoor af ingeslaan.

Veronderstel u het 'n bepaalde hoeveelheid gehoor kwyt geraak. By die begin-fase van u gebrek het u geaarsel om u vriende dit te laat agterkom. Hoe lank reken u dat dit weggesteek kan word sonder dat iemand daarvan op een of ander tyd bewus word? By een of ander geleentheid sal u nie hoor wat gesê word nie en sal min of meer 'n ernstige situasie ontstaan. Soms na slaaplose nagte, nadat die situasie oor en oor betrag is, sal u besluit om iets in verband met die saak aan te vang, maar wat? U sal waarskynlik 'n oor-spesialiteit raadpleeg.

U moet voordat u verder gaan u onderwerp aan 'n mediese ondersoek en 'n diagnose probeer inwin oor wat verantwoordelik daarvoor is dat u gehoor aangetas is.

Die gehoorverlies mag altemit toegeskrywe word bloot aan 'n opstruksie wat veroorsaak is deur 'n opeenhoping van was in die buiteoor-kanaal, of aan vergrote mangels of adenoïde of aan hoë bloeddruk. As hierdie oorsake uit die weg geruim word, sal u gehoor waarskynlik weer normaal of amper normaal word.

Maar as u geval toe te skrywe is aan progressiewe doofheid moet daar ander stappe geneem word. Moet dus geen gehoorapparaat aanskaf alvorens die oorsaak van u verlies behoorlik gediagnoseer is nie.

Die volgende stap sal dan wees om 'n algehele mediese ondersoek te

ondergaan om u fisiese geskiktheid vastestel. U dieët mag aandag nodig hê. Baie hardhorende individue vind baat by dieët terapie, wat help om vermoënis te verwyder. Met die verbetering van u algemene gesondheid, mag u ghehoor outomaties ook verbeter.

Die normale menslike oor beskik oor geweldige moontlikhede wat betref gehoorsgevoeligheid. Om die telefoonterme te gebruik - dit staan gelykaan 120 decibels. Die decibels, vernoem na Alexander Graham Bell, die ontwerper van die telefoon, is 'n eenheid wat gebruik word om klank-intensiteit te meet.

Die vraag ontstaan nou hoeveel van hierdie decibels 'n mens kan verloor sonder dat jyself of iemand anders daarvan bewus word? Outoriteite beweer dat dit van individu op individu varieer. In sommige gevalle sal u 'n gehoorsgevoeligheid agteruitgang bespeur met 'n verlies van 18 tot 20 decibels, maar in ander gevalle weer sal die hoedanigheid om outomaties te hoor voortduur selfs met 'n verlies van 30 decibels. Sodra u verlies 30 decibels oorskrei, sal u vind dat die gesproke woord nie meer verstaanbaar is nie tensy u 'n meganiese of elektriese versterkingsapparaat gebruik. Die individu word nou in die 'hardhorende' kategorie geplaas.

In sommige gevalle sal die gehoor steeds agteruitgaan, en die pogings om te hoor met 'n apparaat sal meer en meer inspanning verg. So 'n toestand word gewoonlik na verwys as 'doofheid', alhoewel daar soms restantegehoor oorskiet wat sluimerend en ongebruik bly. Hierdie restantegehoor staan bekend as die gehoor-residium.

As u u gehoor audiometries laat ondersoek deur 'n oor-spesialiteit, wat waarskynlik oor 'n audiometer sal beskik, kan die verlies in decibels bepaal word, die algemene karakteristieke van u verlies kan vasgestel word. Die toets sal ook toon of u beter met luggeloiding of met beengeleiding sal kan hoor - in eersgenoemde geval word die oorstuk in die oorkanaal geplaas, en in laasgenoemde geval word die been-ossilator op die mastoïde been agter die oor geplaas. Die toets sal ook toon of u aan konduktiewe of perseptiewe doofheid ly.

Die patroon van u gehoorkurwe sal toon hoeveel baat u van 'n gehoorapparaat kan verwag. As die verlies tussen 20 en 40 decibels strek, kan u veel baat van 'n gehoorapparaat verwag na die nodige verstellings gedoen is. As die verlies tussen 40 en 60 decibels lê kan u nog baie van die instrument verwag - die beste wat verkry kan word. As die verlies van 60 tot 80 decibels strek, sal dit in die meeste gevalle nodig wees dat die gehoor-residium weer te moet opvoed om gehele en ongesteurde spraak optevang. Dit hang bloot van die individu af, en hoelank die gehoor in onbruik gewees het. As die verlies tussen 80 en 100 decibels lê, dan kan alleenlik met intensiewe oefening van die gehoor-residium en met behulp van liplees dit moontlik gemaak word om spraak van een persoon in 'n stil omgewing te volg.

As u 'n liefhebber van musiek is, sal u dit nog oor die radio of oor 'n grammofoon kan geniet. U sal moet gewoon raak aan 'n sekere hoeveelheid

agtergrond geraas, en leer om dit te ignoreer, want alhoewel die ontwikkeling van elektriese gehoorapparate ver gevorder en 'n hoe peil bereik het, is daar nog bykomende interne geluide, in sommige apparate meer, ander minder wat steurend kan wees.

Sommige gevalle van gehoorverlies maak die gebruik van 'n gehoortoestel onmoontlik. Klank wat hom deur die apparaat bereik, mag so abnormaal wees (veral deur die goedkopor apparate) dat dit die oor baie irriteer en die luisteraar nie die geluid kan verduur nie. In so'n geval is al genade vir die akoestiese gesteurde om die ander sintuie in te span en gebruik te maak van liplees, asook 'n betor verstaanbaarheid te ontwikkel deur wakkerheid en oplettendheid.

As u dus 'n apparaat probeer, dring aan op 'n verstaanbaarheids en diskriminasie toets. As so'n woordelys nie verkrybaar is nie, laat iemand dan vir u 'n paar sinnetjies voorlees en herhaal dit sonder om na die spreker se lippe of gesig te kyk.

As die apparaat wat u besig is om te toets u goeie diens gesorg, behoort u 'n telling van 70% te behaal, en as dit die instrument is wat die beste beantwoord aan u vereiste behoort u enigiets van 90 tot 'n 100% te behaal. U telling sal natuurlik grootliks saamhang met die tipe en graad van u verlies. As u nie kan besluit of die apparaat u die nodige hulp verleen nie, neem dit na u huislike of kantooromgewing vir 'n week en toets dit daar aan die alledaagse vereistes.

Moet dit nooit nalaat om lippe te leer lees nie al is u verlies hoe gering. Deur u gehoor van die gedurige spanning te verlig, help dit al baie om die verlies nie te vergroot nie. Oë, ore en vorstand sal geredelik saamwerk, selfs al gebruik u 'n gehoorapparaat. Die klank wat in meeste van die gevalle vir u onverstaanbaar vir die oor voorkom, sal dikwels deur die oog onderskei word.

As u in 'n stad woonagtig is waar daar fasiliteite vir liplees bestaan, 'n skool of ander inrigting, moet u dadelik daarby aansluit sodra u seker daarvan is dat geen mediese of snykundige behandeling u kan baat nie. Maar moet dit ook nooit nalaat om die gehoor-residium te stimuleer nie. Die voordeel wat die meeste van die hardhorendes deur hierdie akoestiese oefening sal baat, kan alleenlik gesmaak word deur 'n persoon wat dit gebruik.